# HOOFSTUK XIV.

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS.

### I. SAMEVATTING.

(Begripsbepaling en historiese oorsig)

1. Verklaring van benamings en begrippe in verband met kindertuinonderwys.

Terwyl daar tans in Engeland, Amerika en sommige ander oorsese lande met „Kindergarten" eintlik niks anders as vóórskoolse onderwys bedoel word nie, het „kindertuin" in Kaapland op die werk in die huidige subst. A, subst. B en standerd I betrekking (en inspekteer 'n kindertuininspektrise die werk in al drie hierdie klasse). Dit is in laasgenoemde sin dat die woord „kindertuin" in hierdie proefskrif in verband met onderwys in Kaapland gebruik word.

Kleinkinderskool is die Afrikaanse ekwivalent vir „infant school", en voorbereidingskool (ook voorbereidende skool genoem) is die Afrikaanse ekwivalent vir „preparatory school". In Engeland en Amerika is die funksie van 'n „preparatory school" nie om leerlinge vir die werk in laerskole voor te berei nie, maar wel vir hoër onderwys. In Kaapland is dit egter gebruiklik om van 'n voorbereidingskool of 'n voorbereidende skool te praat as daar na 'n skool verwys word waarin net kindertuinklasse gehuisves word, hoewel die benaming kleinkinderskool ook hiervoor gebruik word.

Kleuterskool is die Afrikaanse ekwivalent vir „nursery school" en is 'n opvoedingsinrigting wat vir die ontwikkelingsbehoeftes van voorskoolse kinders (kleuters) van twee jaar en ouer voorsiening maak.

Die woord „sub-standard" kom die eerste keer in die S.G.O.-verslag oor die jaar 1894 voor en in 1901 is die meervoudsvorm, „sub-standards," die eerste keer deur die S.G.O. in sy jaarverslag gebruik. Sedertdien was daar

nog altyd twee substanderds in Kaaplandse skole, te wete subst. A en subst. B. In die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika word die benaming subst. A en subst. B ook gebruik; in Transvaal heet dit graad I en II; en in Natal klas (i) en klas (ii).

2. Die ontwikkeling van kindertuinonderwys in Kaapland.

(Slegs die belangrikste gebeurtenisse in verband met die ontwikkeling van kleinkinderonderwys in Kaapland, soos in hoofstukke II – V beskryf, word kortliks hieronder aangegee.)

In 1690 is die eerste kleinkinderskool, te wete 'n skool vir kinders onder die ouderdom van sewe jaar, in Kaapstad gestig.

Gedurende die eerste eeu na die stigting van die volksplanting aan die Kaap, en ook baie jare later, is daar op boereplase en elders van die dienste van privaatonderwysers gebruik gemaak.

'n Gebeurtenis van groot belang vir aanvangsonderwys in Kaapland was die stigting, in Januarie 1830, van die „South African Infant School Society". Twee skole, wat as voorbereidingskole vir ander skole in die Kolonie met meer gevorderde klasse sou dien, is in 1830 onder beheer van die „South African Infant School Society" in Kaapstad geopen. Die leerlinge het onderrig gekry in spelling, syferwerk, grammatika, Bybelgeskiedenis en, in die geval van die meisies, Naaldwerk.

Ten einde in die behoeftes van kinders in die dun bevolkte distrikte met betrekking tot aanvangsonderwys te voorsien, is daar teen die middel van die 19de eeu en later van rondreisende onderwysers gebruik gemaak.

Selfs teen die einde van die 19de eeu was die gehalte van kleinkinderonderwys slegs in enkele skole bevredigend. Die S.G.O. en die inspekteurs het blykens hul verslae nie verwag dat dit veel sou verbeter voordat daar kindertuin-

instruktrises was om die nodige leiding te gee en voordat daar tewens behoorlik opgeleide onderwyseresse was om die regte metodes toe te pas nie.

In 1900 is die eerste kindertuininstruktrise in Kaapland aangestel en van 1903 af was daar twee kindertuininstruktrises. Hul pligte is duidelik omlyn: „to train active teachers, to supervise class-work, to make periodical inspections, and to examine those undergoing a course of training in Kindergarten method."[1] Nie alleen ten gevolge van kindertuininstruktrises se besoeke aan skole nie, maar ook omdat daar met behulp van die instruktrises kindertuinonderwyseresse in Kaapland opgelei is, het die werk in kleinkinderskole baie verbeter.

Verdere verbetering is teweeggebring deurdat die Onderwysdepartement vroeg in die 20ste eeu 'n pamflet oor kindertuinwerk gepubliseer het, daarin en ook elders die belangrikheid van kindertuinwerk beklemtoon het en daarop gewys het dat die beste onderwyseresse vir die kleinkinderafdelings van skole nodig is.

Omstreeks 1920 was kindertuinonderwys behoorlik gevestig; departementele amptenare en onderwysers(-esse) kon in die toekoms daarop voortbou en verder uitbou.

In 1921 is 'n nuwe eenjarige opleidingskursus vir kindertuinonderwyseresse ingestel en in die vroeë twintigerjare het die Onderwysdepartement dikwels voorligting verskaf aangaande die wyse waarop die werk in kleinkinderskole ingedeel behoort te word, asook die metodes wat met die meeste vrug toegepas kan word. In 1923 het een van die kindertuininstruktrises in 'n artikel in die Onderwysgaset die ontwikkelinge in verband met kleinkinderonderwys geskets, die waarde van selfwerksaamheid beklemtoon en op die rol gewys wat die kindertuinonderwyseres behoort te speel.

---

1) The Education Gazette, 2 : 201, 16 Jan. 1903; en 9 : 187, 14 Okt. 1909.

Verdere leiding is verskaf in 'n handboek wat die Onderwys-departement in 1923 uitgegee het.[2] Dit bevat wenke ten opsigte van al die skoolvakke en een van die dertien artikels in die verskillende hoofstukke handel spesifiek oor klein-kinderskoolmetodes.

Die afgelope aantal dekades het die werk in kindertuin-klasse baie verbeter en in die jongste verslag van kinder-tuininspektrises wat in die Onderwysgaset gepubliseer is, word verklaar dat dit 'n genot is om die geesdrif te sien waarmee die kleinkinderonderwyseresse besiel is.

Daar was nog al die jare 'n ernstige tekort aan opge-leide kindertuinonderwyseresse in Kaapland. Gedurende die afgelope paar jaar was daar egter 'n gestadige vermeerdering in die aantal onderwyseresse wat in Kaaplandse opleidings-kolleges die Kleinkinderskoolonderwysersertifikaat (K.O.S.) verwerf het.

In 1938 is die benaming „instruktrise" deur „inspek-trise" vervang. Van 1959 af is die betrokke amptenare organiseersters genoem, maar sedert 1964 word hulle weer inspektrises genoem. In 1964 is die eerste kindertuin-inspekteur in Kaapland aangestel. Daar is tans vyf inspektrises en een inspekteur van Kleinkinderskoolmetodiek in Kaapland.

Wat die kwota leerlinge per leerkrag betref, geld die volgende regulasie tans (in 1965) nog vir voorbereiding-skole en die kindertuinafdelings van laer-, middelbare en hoërskole: twee leerkragte word toegestaan as daar minstens 25 leerlinge ingeskryf is, plus een leerkrag vir elke addisionele 35 leerlinge wat ingeskryf word. Met ingang van 1 Januarie 1966 sal daar egter 'n kwotavermin-dering wees: „Twee leerkragte as minstens 22 leerlinge ingeskryf is, en drie leerkragte as minstens 45 leerlinge

---

2) Departement van Openbaar Onderwijs. Kaap de Goede Hoop. De primaire school: wenken ter overweging van onderwijzers, 1923.

ingeskryf is, plus een leerkrag vir elke addisionele 35 leerlinge wat ingeskryf word."[3]

Toelatingsouderdom:

(a) Tot 1919 was daar geen wet of bepalings insake die toelatingsouderdom van leerlinge nie.

(b) Van 1919 tot 1941 kon 'n kind nie tot 'n skool toegelaat word voordat hy 6 jaar oud was nie.

(c) Van 1941 tot 1950 kon 'n kind aan die begin van die kalenderjaar waarin hy die ouderdom van 6 jaar bereik, tot 'n skool toegelaat word.

(d) Van 1 Januarie 1951 tot 1956 kon 'n kind nie toegelaat word voordat hy die leeftyd van 5½ jaar bereik het nie.

(e) Sedert 1 Januarie 1957 mag kinders onder 7 jaar net een keer per jaar, en wel aan die begin van die eerste skoolkwartaal, as leerlinge ingeskryf word en dan slegs as hulle voor of op 30 Junie van die jaar waarin hulle ingeskryf word, 6 jaar oud sal wees.

Verpligte skoolbesoek:

(a) Voor 1905 was daar geen leerplig in Kaapland nie.

(b) Ingevolge artikel 60 van Wet nr. 35 van 1905 is aan skoolrade die mag verleen om skoolbesoek verpligtend te maak vir blanke leerlinge wat die ouderdom van 7 jaar bereik het.

(c) In 1917 is gereelde skoolbesoek in die Kaapprovinsie verpligtend gemaak vir alle blanke leerlinge wat die ouderdom van 7 jaar bereik het, en ten spyte van voorstelle en pogings om die onderste grens van leerplig na 6 of 6½ jaar te skuif, is dit nog steeds 7 jaar.

---

3) Die Onderwysgaset, 64 : 1591, 25 Nov. 1965.

## II. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.
(Na aanleiding van die vraelysstudie)

### 1. Ter inleiding.

Uit die bespreking in hoofstukke VII - XIII blyk duidelik dat die belangrikheid van kindertuinonderwys deur die Kaaplandse Onderwysdepartement besef word. Soos uit die antwoorde van Noord-Kaaplandse onderwysers(-esse) op die vrae in die vraelys blyk, word die belangrikheid van aanvangsonderwys ook deur kindertuinonderwyseresse, kindertuininspektrises en inspekteurs van skole besef. Dit eindig egter nie by 'n blote besef van die belangrikheid van hierdie werk nie; daar word van owerheidsweë daadwerklike pogings aangewend om die gehalte van kleinkinderonderwys te verbeter. Dit geskied veral in die skole, waar departementele amptenare (kindertuininspektrises en omgangsinspekteurs) leiding en voorligting gee, maar ook by geleentheid van konferensies en kortkursusse, waar deskundiges referate lewer om die leerkragte in te lig met betrekking tot verskillende metodes, nuwere rigtings en die resultate van proefnemings.

Dit het al tradisie geword dat werknemers van die Kaaplandse Onderwysdepartement groot vryheid by die uitvoering van hul pligte geniet. Dit geld nie net vir inspekteurs (-trises), wat feitlik deurgaans na goeddunke mag handel en nie deur allerlei beperkinge aan bande gelê word nie, maar ook vir onderwysers(-esse), wat heelwat vryheid gelaat word om nuwe metodes of tegnieke op die proef te stel.[4] Die Departement se beweegrede is waarskynlik dat hy nie sy leerkragte se inisiatief wil smoor nie, en dit is dan ook die rede waarom die Departement, soos deur hierdie vraelysstudie aan die lig gebring, nie vaste reëls neerlê met betrekking tot onder andere die volgende nie:

---

4) Vgl. tabel 61 (hoofstuk IX, p. 196), waaruit blyk dat 84.1% van die respondente bevestigend geantwoord het op die vraag of 'n kindertuinonderwyseres tans genoeg vryheid gelaat word om haar eie metode(s) te volg en selfs te eksperimenteer waar sy dit wenslik ag.

(a) Ofskoon sekere uitrusting en/of geriewe noodsaaklik geag word vir 'n kindertuinkamer, word alles nie sonder meer deur die Onderwysdepartement verskaf nie en moet skole daarom aansoek doen. Met ander woorde, die hoeveelheid en die aard van die uitrusting sal in 'n groot mate deur die betrokke onderwyseres se belangstelling, opvattings en metodes of werkwyse bepaal word.

(b) Dit hang grotendeels van die onderwyseres af of sy van filmonderwys, 'n sandbak, 'n leeshoekie en aanvullende leesboeke gebruik sal maak.

(c) Die Departement staan allesbehalwe onverskillig teenoor die tyd wat vir onderrigdoeleindes aan verskillende vakke toegewys moet word; tog word daar slegs 'n leidraad aan die hand gedoen en word die tydindeling in die kleinkinderklasse „in die hande van die skoolhoofde en die betrokke onderwyseresse gelaat, onderhewig aan die goedkeuring van die inspekteur van skole."[5)]

(d) Ander belangrike aspekte van die werk in verband waarmee die Departement net leiding gee sonder om enige dwang op die leerkragte uit te oefen, is die volgende:

(i) presies wanneer daar met formele spelwerk (diktee) in die leerlinge se tweede taal begin moet word;

(ii) hoe lank daar aan die begin van subst. B en aan die begin van standerd I net hersiening gedoen moet word voordat daar met nuwe werk begin word;

(iii) hoe dikwels kindertuinonderwyseresse hul subst. A-leerlinge op die skryfbord of elders laat krabbel.

---

5) Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Die laerskool. Inleiding tot die leerplanne en wenke by die onderwys, dl. I, 4e dr., 1963, p. 7 - 8.

Die Departement beskik alreeds oor heelwat gestandaardiseerde toetse vir verskeie aspekte van kindertuinonderwys. Waar dit nie ontbreek aan bereidwilligheid van die kant van die onderwysers(-esse) om nuwe metodes of prosedures op die proef te stel nie, behoort die Departement sodanige toetse gereeld en pertinent onder die aandag van die leerkragte te bring en hulle aan te moedig om nie alleen nuwe metodes uit te toets nie, maar ook self proefnemings te doen.

2. Die metodes en prosedures wat deur die respondente gevolg word, en hul beskouings oor bepaalde aangeleenthede.

Hierdie ondersoek is onderneem met die doel om onder andere vas te stel watter metodes en prosedures daar in voorbereidingskole en kindertuinafdelings van hoër-, middelbare en laerskole in Kaapland gevolg word, en om die betrokke onderwysers(-esse) se beskouings oor bepaalde aangeleenthede te verneem.[6] 'n Opsomming van dié beskouings en metodes of prosedures, soos in hoofstukke VII - XIII uiteengesit en breedvoerig bespreek, word kortliks hieronder aangegee:

(i) Algemeen:

(a) Die oorgrote meerderheid van die respondente is van mening dat 6 - 6½ jaar die beste ouderdom vir 'n normale kind is om tot die skool toegelaat te word. (p. 117-8)

(b) Presies twee-derdes van die respondente ag 'n skoolrypheidstoets wenslik wanneer 'n kind die eerste keer tot die skool toegelaat word. (p. 128)

(c) Verreweg die meeste respondente is van mening dat skoolbeginners net in Januarie (en nie in Julie ook nie) tot die skool toegelaat behoort te word. (p. 131-2)

6) Vgl. p. 2 van hierdie proefskrif.

(d) Die oorgrote meerderheid van die respondente, naamlik 85.9%, is van mening dat 'n leerling normaalweg twee jaar in die substanderds behoort te bly. Slegs 3.3% is ten gunste van 1½ jaar en 10.8% ten gunste van een jaar. (p. 132-3)

(e) Meer as drie-kwart van die respondente is ten gunste daarvan dat 'n kindertuinonderwyseres elke jaar vir dieselfde standerd onderwys gee, m.a.w. hulle is nie ten gunste van „vertikale groepering" nie. (p. 135)

(f) Bekwaamheidsgroepering:

(1) Die oorgrote meerderheid van die respondente is ten gunste daarvan dat kindertuinklasse in bekwaamheidsgroepe verdeel word. (p. 139)

(2) 100% van die respondente verdeel hul leerlinge vir lees in bekwaamheidsgroepe en 93.6% vir getalwerk, maar net 19.3% groepeer vir skrif.(p.142)

(3) 59.4% van die respondente se verskillende groepe is gewoonlik, en 29.5% altyd, gedurende 'n lesuur met dieselfde vak besig. (p. 143)

(4) Nagenoeg al die leerkragte (97.8%) wat hul klasse in bekwaamheidsgroepe verdeel, se leerlinge word soms van een groep na 'n ander oorgeplaas wanneer hul vordering, of gebrek aan vordering, dit nodig maak. (p. 144-5)

(g) Toetse/eksamens: 71.8% van die respondente is ten gunste van toetse/eksamens in subst. A en 91.1% in subst. B. Voorts verlang 67.5% dat, waar toetse of eksamens in die kindertuin afgeneem word, punte toegeken word, terwyl 32.5% slegs simbole wil toeken. (p. 146-7)

(h) Meer as 70% van die respondente ag die volgende uitrusting en/of geriewe noodsaaklik vir 'n kindertuinkamer (in volgorde van noodsaaklikheid aangegee): genoeg tafeltjies en stoeltjies van die regte groot-

te; genoeg pakplek; goeie beligting -- lae vensters; lae skryfborde (vir krabbel); lopende water en 'n wasbak; 'n leeshoekie; lae kassies (vir berging van leermiddels en voorraad); 'n klavier; 'n sandbak; 'n vloermat (vir die leerlinge om op te sit); veselborde. (p. 149)

(i) Ongeveer twee-derdes van die respondente maak van 'n sandbak gebruik. Meer as 80% van hulle gebruik dit vir Omgewingsleer en vir die bou van modelle. (p.151-2)

(j) Minder as die helfte van die respondente (45.7%) maak van filmonderwys vir hul klasse gebruik. (p. 153-4)

(k) Slegs 31.3% van die respondente is van mening dat die dissipline in kindertuinklasse nie streng genoeg is nie. (p. 161)

(l) Die drie strafmiddels wat die respondente die doeltreffendste vind, is (in volgorde van doeltreffendheid): berisping; ontneem van voorregte; lyfstraf. (p. 163-4)

(m) Die oorgrote meerderheid van die respondente is ten gunste van 'n jaarlikse Ouersdag by hul skool. (p.166-7)

(n) Meer as drie-kwart van die respondente is van mening dat daar meer voorbereidingskole (met net subst. A-, subst. B- en st. I-leerlinge) in Kaapland gestig behoort te word. (p. 168-9)

(o) Volgens 98% van die respondente behoort die klasonderwyser(es) aan die einde van die jaar te besluit of 'n leerling in subst. A of subst. B of st. I na die volgende (sub)standerd bevorder moet word, terwyl 53.3% van mening is dat die skoolhoof behoort te besluit. Slegs 24.7% en 11.2% onderskeidelik is ten gunste daarvan dat die kindertuininspektrise en die omgangsinspekteur oor die bevordering van die leerlinge behoort te besluit. (p. 172-3)

(p) Verreweg die meeste respondente (79.4%) is van mening dat 'n leerling wat die werk vroeg in sy skoolloopbaan al moeilik vind, in subst. A behoort te druip, terwyl 15.9% meen hy behoort in subst. B en slegs 4.7% meen hy behoort in st. I eers te druip. (p. 174)

(q) Meer as 90% van die respondente is van mening dat daar vir die kindertuin 'n ruimer personeelvoorsiening as vir standerds II - V behoort te wees en 83% van hulle is van mening dat 'n kindertuinonderwyseres nie meer as 25 leerlinge in haar klas behoort te hê nie. (p. 177-80)

(r) Nagenoeg 80% van die respondente verkies dat 'n kindertuininspektrise elke skool se kindertuinklasse minstens een keer per jaar vir inspeksie besoek. (p. 182)

(s) Ongeveer twee-derdes van die respondente vind die huidige stelsel in Kaapland, naamlik dat die werk in kindertuinklasse soms deur die omgangsinspekteur en soms deur 'n kindertuininspektrise geïnspekteer word, nie bevredigend nie. (p. 183-4)

(t) Meer as 40% van die respondente verklaar dat hulle die leiding wat hulle van die omgangsinspekteur kry (in verband met subst. A en/of subst. B en/of st. I), as onvoldoende beskou. (p. 187)

(u) Slegs 10.6% van die respondente besoek die ouers van die leerlinge in hul klasse gereeld, 44.5% besoek hulle taamlik dikwels, 38.9% soms, 4% byna nooit en 2% nooit. (p. 188-9)

(v) Nagenoeg drie-kwart van die respondente ag kindertuinopleiding noodsaaklik vir iemand wat vir subst. A en/of subst. B gaan onderwys gee. (p. 190)

(w) Feitlik ewe veel respondente het Ja en Nee geantwoord (49.3% en 50.7% onderskeidelik) op die vraag of die salaris van 'n kindertuinonderwyseres, soos

in die geval van 'n spesiale klas-onderwyser(es), 'n kerf hoër as dié van ander primêre assistente met dieselfde aantal jare opleiding behoort te wees. (p. 192)

(x) Verreweg die meeste respondente (83.4%) is nie ten gunste daarvan dat mans vir die substanderds onderwys gee nie. (p. 194-5)

(y) Die oorgrote meerderheid van die respondente is van mening dat 'n kindertuinonderwyseres genoeg vryheid gelaat word om haar eie metode(s) te volg en selfs te eksperimenteer waar sy dit wenslik ag. (p. 196-7)

(z) Volgens die respondente is die tien belangrikste eienskappe in 'n kindertuinonderwyseres (gerangskik in volgorde van belangrikheid: (1) geduld; (2) liefde vir kinders; (3) vermoë om tot die vlak van haar leerlinge te daal; (4) vriendelikheid; (5) belangstelling in haar leerlinge se probleme; (6) onpartydigheid of regverdigheid; (7) netheid; (8) beslistheid; (9) takt; (10) gebruikmaking van aanmoediging. (p. 199-200)

(ii) <u>Die Tale</u>:

(a) Byna 60% van die respondente is van mening dat subst. A-leerlinge 'n leesgereedheidstoets behoort af te lê voordat hulle onderrig in lees kry. (p.212)

(b) Ongeveer twee-derdes van die respondente verkies die sins- of globale metode bo die klankmetode vir aanvangsleesonderrig (p. 214) en 13.9% van hulle is van mening dat subst. A-leerlinge gedurende hul eerste kwartaal op skool behoort te begin klank, 36.7% gedurende die tweede kwartaal en 5.1% gedurende die derde kwartaal. Die grootste groep, te wete 44.3%, verkies om nie aan 'n bepaalde

kwartaal gebonde te wees nie en is van mening dat subst. A-leerlinge behoort te begin klank sodra daar ver genoeg gevorder is met woordherkenning. (p. 218)

(c) Die oorgrote meerderheid van die respondente maak van leeshoekies gebruik en die volgende leermiddels en aktiwiteite word deur meer as 60% van die respondente in hul leeshoekies gebruik (in volgorde van gewildheid aangegee): prenteboeke; aanvullende leesboekies; tydskriffies; leermiddels vir leesaktiwiteite; legkaarte. (p. 230-31)

(d) Slegs 11.6% van die respondente maak nooit van 'n ander leesreeks vir aanvullende leeswerk in subst. B en st. I gebruik nie, 64.8% maak gereeld van 'n ander leesreeks gebruik en 23.6% selde. (p. 232)

(e) Nagenoeg al die respondente (98.6%) is ten gunste daarvan dat st. I-leerlinge gereeld die geleentheid moet kry om stillees te beoefen en byna driekwart van hulle is van mening dat van 'n halfuur tot 'n uur per week in st. I aan stillees bestee behoort te word. (p. 234-5)

(f) Byna drie-kwart van die respondente maak by mondelinge stel dikwels van dramatisering gebruik en slegs 1.6% maak nooit daarvan gebruik nie.(p.235-6)

(g) 'n Besliste meerderheid van die respondente is van mening dat daar in al drie die klasse, subst. A en subst. B en st. I, van 1 - 2 uur per week aan mondelinge stel in die eerste taal bestee behoort te word. (p. 236-7)

(h) Die oorgrote meerderheid van die respondente is ten gunste daarvan dat daar in subst. B al met skriftelike stel begin moet word, en die meeste van hulle is van mening dat dit gedurende die

laaste ses maande in subst. B behoort te geskied. (p. 238)

(i) Die aantal respondente wat van mening is dat daar gedurende die laaste ses maande in subst. B met skriftelike taalwerk in die leerlinge se eerste taal begin behoort te word, is feitlik net soveel as dié wat meen dat daar gedurende die eerste ses maande in st. I daarmee begin behoort te word. Slegs 1.7% verlang dat skriftelike taalwerk tot die laaste ses maande in st. I uitgestel moet word. (p. 238-9)

(j) Baie meer respondente is van mening dat daar in die vierde kwartaal in subst. B as enige ander tyd met lees in die tweede taal begin behoort te word. (p. 239-40)

(k) Die meeste respondente is van mening dat subst. A-leerlinge met sowel voordrag as mondelinge werk in die tweede taal gedurende hul derde kwartaal op skool eers behoort te begin. In albei gevalle, d.w.s. beide wat voordrag en mondelinge werk betref, is ongeveer een-derde van die respondente egter ten gunste daarvan dat daar in die tweede kwartaal al met hierdie werk begin word. (p.242-3)

(l) Die oorgrote meerderheid van die respondente (90.2%) maak gereeld of dikwels van die storie-metode vir mondelinge werk in die tweede taal gebruik, 8.4% selde en 1.4% nooit. Twee-derdes is van mening dat daar in die derde kwartaal in subst. A met die storie-metode begin behoort te word. (p. 244-5)

(m) Byna drie-kwart van die respondente is van mening dat leestekens vanaf die eerste kwartaal in subst. B aandag behoort te geniet. (p. 247)

(n) Daar bestaan groot verskil van mening met betrekking tot die beste tyd om leerlinge die alfabet in hul moedertaal te leer. Nie veel meer of minder as een-derde van die respondente nie is ten gunste van elk van die volgende: die eerste ses maande in subst. B; die laaste ses maande in subst. B; die eerste ses maande in st. I. Wat die tweede taal betref, is daar minder verskil van mening; meer as die helfte van die respondente is ten gunste daarvan dat die alfabet in die leerlinge se tweede taal gedurende die eerste ses maande in st. I aangeleer word. (p. 248-9)

(o) Meer as 60% van die respondente is van mening dat daar in die eerste kwartaal in st. I met formele spelwerk in die leerlinge se tweede taal begin behoort te word. (p. 250)

(iii) Getalwerk:

(a) Meer as 60% van die respondente is ten gunste van elk van die volgende toetse om vas te stel of 'n subst. A-leerling gereed is vir getalwerk (in volgorde van gewildheid aangegee): 'n groep van 2, 3, 4 of 5 voorwerpe met een oogopslag herken; onderskei tussen groot en klein, swaar en lig, vol en leeg, lank en kort, baie en min, hoog en laag; krale in 'n patroon inryg (bv. twee wittes -- een bloue -- twee wittes -- een bloue); voorwerpe 1 - 5 tel, een op 'n keer. (p.251)

(b) Feitlik al die respondente (99%) maak gereeld of daagliks van konkrete leermiddels (apparaat) in subst. A gebruik. (p. 253)

(c) Byna 60% van die respondente is ten gunste daarvan dat daar in subst. A tot en met die optelsamestelling 10 gevorder word. (p. 256)

(d) Byna net soveel van die respondente het Ja as Nee geantwoord op die vraag of hulle ten gunste daarvan is dat optel- en aftreksamestellings gelyktydig in subst. A aangeleer behoort te word. (p. 257-8)

(e) Daar bestaan heelwat verskil van mening by die respondente wat nie ten gunste daarvan is dat optel- en aftreksamestellings gelyktydig aangeleer moet word nie. Terwyl 40.4% van mening is dat daar gedurende die vierde kwartaal in subst. A met aftreksamestellings begin behoort te word, is daar byna net soveel (33.9%) wat meen dat dit gedurende die derde kwartaal al behoort te geskied. (p. 257-8)

(f) Meer as 80% van die respondente is van mening dat daar aan die begin van sowel subst. B as st. I van twee weke tot een maand hersiening gedoen moet word voordat daar met nuwe werk begin word. (p. 260)

(g) Meer as die helfte van die respondente (54.5%) is van mening dat daar gedurende die eerste kwartaal in st. I met die aanleer van vermenigvuldigingstafels begin behoort te word, en ongeveer een-derde (34.4%) is ten gunste daarvan dat in subst. B al met die aanleer van die tafels begin moet word. (p. 261-2)

(h) Nagenoeg al die respondente (95.1%) is tevrede met die bepalings in die leerplan wat vermenigvuldigings- en verdelingstafels betref. (p. 263-4)

(i) Slegs 9.1% van die respondente het ondervinding van Cuisenaire of ander stafie-metodes. Sommige van hulle meld dat dit groot moontlikhede bied, maar dit word nie sonder meer aanbeveel nie. (p. 264-5)

(iv) Skrif:

(a) Byna al die respondente (94.2%) ag dit noodsaaklik dat subst. A-leerlinge eers 'n tydperk van gereedmaking deurmaak voordat daar met die formele onderrig van skrif begin word. (p. 268)

(b) Meer as 60% van die respondente maak van elk van die volgende aktiwiteite gebruik om spierbeheer by die leerlinge te ontwikkel (in volgorde van gewildheid aangegee): hantering van kwaste (en verf op koerantpapier); papier knip en skeur; hantering van pottebakkers- of kunsklei; krale inryg; styselpapwerk; gooi-en-vang speletjies met 'n bal; hantering van Montessori-apparaat. (p. 270)

(c) Meer as die helfte van die respondente (52%) is van mening dat 'n normale kind op sesjarige leeftyd gereed is vir formele skrifonderrig, en meer as een-derde (37.2%) meen dat 'n normale kind 6½ jaar oud is voordat hy gereed is vir formele skrifonderrig. (p. 271-2)

(d) Die volgende vyf metodes word deur meer as 40% van die respondente gevolg om vas te stel of hul leerlinge gereed is vir formele skrifonderrig (in volgorde van gewildheid aangegee): potlood of kryt hanteer; kwas hanteer; knip en plak; met klei modelleer; vasmaak-apparaat hanteer. (p.273)

(e) Meer as 80% van die respondente laat hul subst. A-leerlinge gereeld op die skryfbord oefen (krabbel) en meer as 90% laat die leerlinge gereeld op ou koerante en ongedrukte koerantpapier krabbel. (p. 274)

(f) Op een na laat al die respondente hul subst. A-leerlinge skrifpatrone oefen en twee-derdes van hulle laat die leerlinge in die eerste helfte

van die eerste kwartaal (in subst. A) met dié patrone begin. (p. 275-6)

(g) Byna 60% van die respondente meen dat daar gedurende die eerste ses maande in subst. B met die aanleer van hoofletters begin moet word, en heelwat meer as een-derde (38.1%) is van mening dat dit teen die einde van subst. A al behoort te geskied. (p. 277)

(h) Die oorgrote meerderheid van die respondente is ten gunste daarvan dat leerlinge teen die einde van subst. A moet leer om korrek te spasieer. Die enigste metode wat deur 'n hoë persentasie van die respondente aangewend word om die leerlinge te help wat dit moeilik vind om korrek te spasieer, is: vinger tussen woorde. (p. 278-9)

(i) Nagenoeg drie-kwart van die respondente vind die huidige verskil in liniëring van skryfboeke vir verskillende stadiums in die kindertuin bevredigend, en ook byna drie-kwart van die respondente is ten gunste van gewone liniëring deurgaans vanaf die tweede of die derde kwartaal in subst. A. (p. 280-81)

(j) Byna twee-derdes van die respondente is van mening dat die vaardigheid van lopende skrif gedurende die eerste helfte van st. I stelselmatig deur leerlinge aangeleer behoort te word. (p. 283)

3. Aanbevelings ter oorweging vir die Kaaplandse Onderwysdepartement.

Met die oog op die verdere verbetering en uitbouing van kindertuinonderwys in Kaapland en die uitskakeling van bestaande gebreke, word die volgende aanbevelings gedoen:

(a) Die stigting van meer kleuterskole en die instelling van kleuterklasse, soos deur baie opvoeders bepleit, verdien die ernstige aandag van die Onderwysdepartement. Indien voorskoolse kinders in kleuterskole en -klasse georganiseer word, sal dit vir die onderwyseresse baie makliker wees as tans om deur middel van gestandaardiseerde toetse en waarneming vas te stel wanneer die kinders vir formele onderwys gereed is.

(b) In die lig van die bespreking van bekwaamheidsgroepering in hoofstuk VII word die volgende aanbeveel:

(i) dat onderwyseresse aangemoedig word om kindertuinklasse in bekwaamheidsgroepe te verdeel, maar dat diegene wat nie kindertuinopleiding gehad het nie, eers deeglike voorligting kry (bv. deur middel van kortkursusse) oor groepering;

(ii) dat daar gereeld vir lees, getalwerk en skrif gegroepeer word en waar moontlik ook vir ander werk, bv. spelling (standerd I) en klankwerk (substanderds A en B);

(iii) dat die verskillende groepe in 'n klas altyd, of minstens gewoonlik, gedurende 'n lesuur met dieselfde vak besig sal wees;

(iv) dat 'n leerling wie se vordering, of gebrek aan vordering, dit nodig maak, te eniger tyd van een groep na 'n ander oorgeplaas kan word.

(c) Die Departement behoort dit ernstig te oorweeg om so spoedig moontlik kortkursusse in Godsdiensonderrig net vir kindertuinonderwysers(-esse) op verskillende plekke in Kaapland te hou, soos daar in 1960 vir sekondêre en in 1962 vir primêre leerkragte kursusse gereël is.

(d) Die stigting van meer voorbereidingskole (met net subst. A-, subst. B- en st. I-leerlinge) word baie sterk aanbeveel.

(e) Die kwotavermindering wat met ingang van 1 Januarie 1966 as grondslag vir die voorsiening van personeel sal dien,[7] sal na verwagting in sommige kindertuinklasse verligting bring. Hierdie verligting sal egter op verre na nie voldoende wees om deurgaans doeltreffende onderwys tot gevolg te hê nie. Daar behoort 'n afsonderlike personeelvoorsieningskaal vir die kleinkinderklasse te wees wat die uitwerking sal hê dat geen onderwyser(es) meer as 25 leerlinge in subst. A of subst. B of st. I sal hê nie.

(f) Die huidige inspeksiestelsel in Kaapland, naamlik dat die werk in kindertuinklasse soms deur die omgangsinspekteur en soms deur 'n kindertuininspektrise geïnspekteer word, is nie allesins bevredigend nie. Aangesien dit egter nie maklik sal wees om die bestaande stelsel op die huidige tydstip deur iets beters te vervang nie, word slegs aanbeveel dat die pligte van die omgangsinspekteur en die kindertuininspektrise baie duidelik omlyn word en dat die moontlikheid van 'n wysiging in die huidige stelsel steeds die aandag van die Departement geniet.

(g) Gesien die gebrek aan eenvormigheid wat nog ten opsigte van die bevordering van leerlinge in verskillende inspeksie-omgange aangetref word, word aanbeveel dat duideliker leiding deur die Departement gegee word met betrekking tot die bevordering (of klassifikasie) van leerlinge aan die einde van subst. A, subst. B en st. I.

[7] Sien Die Onderwysgaset, 64 : 1591, 25 Nov. 1965.

(h) Kleinkinderonderwysers(-esse) behoort nie swakker besoldig te word as spesiale klas - onderwysers (-esse) met dieselfde aantal jare opleiding en dieselfde onderwysondervinding nie.

(i) Stappe behoort gedoen te word om te verseker dat, indien nie almal nie, dan soveel moontlik subst. A-leerlinge 'n leesgereedheidstoets aflê voordat hulle onderrig in lees kry.

(j) Die Departement behoort by onderwysers(-esse) aan te beveel dat alle st. I-leerlinge van 'n halfuur tot 'n uur per week aan stillees bestee.

(k) Daar word aanbeveel dat die Departement dit oorweeg om leerlinge in subst. A met optelsamestellings tot en met die getal 10 te laat vorder (soos in die skole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat die geval is).

(l) By skrifonderrig verdien liniëring opnuut die aandag van die Departement. Dit behoort oorweeg te word of daar nie gewone liniëring deurgaans vanaf die derde kwartaal in subst. A moet wees nie.

4. <u>Die noodsaaklikheid van verdere navorsing.</u>

Die omstandighede waaronder kindertuinonderwyseresse werk en die metodes wat toegepas word, het die afgelope jare baie verbeter. Op die gebied van navorsing het kindertuinonderwys in Kaapland egter nog maar min aandag geniet. Alida Grey wys tereg daarop dat geen onderwysstelsel sonder navorsing werklik dinamies kan wees nie.[8)] Aangesien daar talle aangeleenthede in verband met kleinkinderonderwys in Kaapland is waaromtrent die opvoeders

8) Grey, Alida M. Aanvangsonderwys in Suid-Afrika, p. 480.

verskillende en selfs uiteenlopende sienswyses toegedaan is, is gekontroleerde proefnemings nodig, sodat die resultate daarvan kan meehelp om ten opsigte van meer as een aspek of afdeling die koers aan te dui.

Hierdie studie het onder andere aan die lig gebring dat daar met betrekking tot die volgende nog heelwat onsekerheid heers en dat verdere navorsing noodsaaklik is voordat die probleme wat bestaan, opgelos of nader aan 'n oplossing gebring kan word:

(a) Die beste toelatingsouderdom vir 'n normale kind.

(b) Hoe lank 'n leerling normaalweg in die substanderds behoort te bly.

(c) Die wenslikheid al dan nie van „vertikale groepering", waarvolgens 'n onderwyser(es) met 'n klas van subst. A tot subst. B of selfs tot standerd I deurgaan.

(d) Die waarde van filmonderwys in die kindertuinklasse.

(e) Die voor- en nadele van die verskillende metodes vir aanvangsleesonderrig in subst. A.

(f) Die beste tyd vir subst. A-leerlinge om te begin klank.

(g) Die beste tyd wanneer daar (i) met lees, (ii) met mondelinge werk in die tweede taal begin behoort te word.

(h) Die voor- en nadele van i.t.a. („Initial Teaching Alphabet").

(i) Die voor- en nadele van Cuisenaire of ander stafiemetodes.

(j) Die gebruik van apparaat in subst. A.

(k) Die vraag of optel- en aftreksamestellings gelyktydig in subst. A aangeleer behoort te word.

(l) Die bepaling van gereedheid vir getalwerk.

(m) Die bepaling van gereedheid vir formele skrifonderrig.